

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 28 Feb 2018
Page: 8

AVE: 9921.34
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

# Superliga-aksie wag op Pretorianers

**Morris Gilbert**

Die eerste vol naweek van Superliga-aksie behoort in drie van die vier kragmetings 'n behoorlike aanduiding te gee van watter een van die Blou Bulle se vyf deelnemende klubs die pas teen hul eweknieë van die Valke en Luiperds gaan aangee.

Al die kragmetings vind in die hoofstad plaas: QBR in Groenkloof teen Springs, UP-Tuks op hul tuisveld teen East Rand United, Naka Bulle in die Moot teen Brakpan en Centurion is sy agterplaas teen Impala.

UP-Tuks het reeds verlede Saterdag bloed geruik toe hulle Naka Bulle met 34-31 geklop het, maar sal beslis wil verbeter op die vertoning wat hulle in die tweede helfte gelewer het. UP-Tuks was teen rustyd reeds met 34-10 voor, maar kon nie weer punte aanteken nie.

As die bostelegraaf sy sout werd is, is East Rand United die Valke se nieamptelike vlagskip in die reeks.

Hoe hulle teen UP-Tuks vaar, sal daarom met groot belangstelling dopgehou word, veral nadat die besoekers die afgelope naweek 'n stewige vertoning teen Centurion in 'n vriendskaplike wedstryd gelewer het.

Naka het baie karakter en veggees in sy wedstryd teen UP-Tuks gewys nadat dit met rustyd wou lyk of hulle teen die toue was.

Hulle sal hierop wil voortbou teen Brakpan.

Hoewel QBR baie van sy 2017-sterre verloor het, word daar steeds by dié klub geglo dat die verdedigende Carltonbeker-kampioen ten minste baie mededingend sal wees. En alles dui daarop dat Springs dit op die harde manier gaan uitvind.

Centurion sal soos Naka en QBR sy visier op Goue Beker-deelname ingestel hê, wat 'n goeie wegspring teen Impala feitlik ononderhandelbaar maak.

Die Rustenburgers was nog altyd mededingend en Centurion sal ná Saterdag weet waar hy staan.

■ Met UP-Tuks se Varsitybeker-veldtog gaan dit steeds broekskeur nadat die verdedigende kampioen eergisteraand in Kaapstad sy vierde agtereenvolgende nederlaag in die 2018-reeks gely het. Ikeys het UP-Tuks met 21-13 geklop nadat die besoekers rustyd nog met 13-7 voor was.

As UP-Tuks nog enigsins 'n kans wil staan om die halfeindronde te haal, sal hulle in hul oorblywende vier groepwedstryde voltalle moet behaal wat reeds Maandag met die tuiswedstryd teen NWU moet begin.

■ In die Varsityskild-reeks is TUT die voorloper op die puntelys nadat hy eergisteraand sy derde agtereenvolgende sege behaal het toe hy in 'n wegwedstryd met die KZN-Impi's klaargespeel het.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.